Direkteur Begeleiding

NG Kerk in Oos-Kaapland

Ds Danie Mouton

Tel 041 365-3159 (k) - Sel 082 9234 178 - danie@ngkok.co.za
Posbus 34842, Newtonpark, 6055

---

12 Mei 2009

AAN: LERAARS EN KERKRADE, NG KERK IN OOS-KAAPLAND
Skriba, verseker asb dat hierdie boodskap jou dominee(s) bereik.

Geagte Kollega,

DEELNAME AAN DIE 2010-WÊRELDSOKKERBEKER EVANGELISASIEPROJEK

Die Sinodale Kommissie nooi jou graag uit om saam met talle ander kerke deel te word van die 2010 Wêreldsokkerbeker-Evangelisasieprojek. Kerke regdeur Suid-Afrika neem hande om mee te doen aan die grootste evangelisasieprojek wat waarskynlik nog ooit in Suid-Afrika geloods is.

Die projek staan bekend as **The Ultimate Goal** en is gemik op plaaslike gemeenskappe waar sokkerliefhebbers die geleentheid gebied word om te groei in die navolging van Jesus Christus. Jy hoef dus nie self sokkerbehep te wees om deel te neem nie - jy moet die passie hê om die geleentheid vir evangelisasie en dissipelskap te benut. Dit is gerig op gemeenskappe waarvan ons dikwels geïsoleerd is, waaronder jongmense, én waar daar groot behoefte aan vriendskap, leiding, die vorming van waardes, en die Woord van God is.

Die **visie** van *The Ultimate Goal* is om die liefde van Christus en die goeie nuus van die evangelie op vele wyses te deel met spelers, hul families, afrigters, beamptes, organiseerders van wedstryde, besoekers, ondersteuners, en plaaslike inwoners. 'n Uitvoeringsplan (*executive summary)* word hierby aangeheg.

Die inkleding van die projek is van so 'n aard dat gemeentes dit ooreenkomstig hul **voorkeur teologiese model** kan inkleur - sommige kan meer klem op verkondiging plaas, ander op vriendskap, nog ander op dade van gasvryheid, barmhartigheid of saam-sokker-speel met plaaslike gemeenskappe - die keuses is so wyd soos die Here se genade.

Belangrik:

Die NG Kerk in Oos-Kaapland het by wyse van die Sinodale Kommissie (op sy vergadering van 7 Mei 2009) die uitnodiging aanvaar om die aanvanklike proses vir die projek te fasiliteer. *Die versoek is dat leraars en gemeentes help om plaaslike TUG-komitees in gemeenskappe te stig*

Versoek: Dit beteken dat ons hiermee aan jou 'n versoek rig om in jou gemeenskap saam te werk om so 'n komitee, bestaande uit velerlei rolspelers, tot stand te bring. Dit is ook 'n uitnodiging om - in 'n jaar waarin sokker baie aandag sal trek - aan 'n projek ter wille van die evangelie deel te neem. As predikant sal jy moontlik nie baie tyd hê om hieraan af te staan nie, maar as jy mense uit die

gemeente betrek, wat weer ander gemeenskapsleiers kan betrek, behoort dit vir jou hanteerbaar te wees.

Die bedoeling is om hiermee daadwerklik elke leraarskring (*fraternals* - ook van ander kerke), munisipale wyk, dorp of stad in ons provinsie te bereik.

Ten einde jou verbintenis te oorweeg, versoek ek dat jy meegaande Uitvoeringsplan, asook die Implementeringsriglyne, sal lees. Hierdie inligting is beskikbaar by www.tcn.org.za en www.pechurchnet.co.za. Dit sal ook eersdaags beskikbaar wees by www.theultimategoaleasterncape.com

Laat weet my asb of jy jou weg oopsien. Ook indien jy nie kans sien nie. Die SK het haar besluit geneem in die oortuiging dat die meeste dominees hul weg sal oopsien om te help.

Lees ook die volgende paragrafie wat jou sal help verstaan hoe hierdie boodskap by ander predikante van ander kerke uitkom. Indien hulle jou nou reeds op plaaslike vlak nader, sal jy weet hoe om te reageer:

> *Should you wish to give the members of your congregation an opportunity to participate you could begin the process in your fraternal, municipal ward, town or city by liaising with your local or nearest DRC pastor. The names and contact details of the DRC pastors throughout the province can also be found on www.tcn.org.za or can be obtained from the regional Sascol EC office. If the DRC pastor has chosen not to facilitate the process, you should contact the regional Sascol office and arrange with them for you to initiate the process in his place. Where there is an existing pastors' fraternal it is important that the relevant DRC pastor liaise with the leader of the applicable fraternal and jointly set about establishing a local organizing committee as set out in the guidelines.*

Naas die Sinodale Kommissie van die NG Kerk in Oos-Kaapland, onderskryf feitlik alle ander kerke hierdie onderneming. Die gesamentlike wens is dat alle kerke van alle soorte, geure en kleure, hande sal vat en saam sal fokus op die geleentheid om gemeenskappe te dien, en veral by jong kinders in gemeenskappe uit te kom Dink aan die gelykenis van die talente in Matteus 25:14-19.

Die Here gee aan ons die FIFA 2010 Wêreldbeker 2010. Mag ons die geleentheid aangryp!

Beste wense,

Danie Mouton
SKRIBA SK